**Nou sal jy sien wat Ek gaan doen! (OP166)**

**Eks 4:18-6:7**

**17 Maart 2024**

In Eks 3:1-4:17 het die Here Moses geroep vanuit die brandende doringbos. Die doel met Moses se roeping was dat hy die volk uit Egipte moes gaan lei, o.l.v. die Here self. Moses het talle besware geopper teen hierdie roeping: Hy het gevra: Wie is hy dat juis hy moet gaan? Wat is die Naam van die Here, oftewel wat is Sy wese? Wat as die volk hom nie wil glo dat hy deur die Here gestuur is nie? Wat van die feit dat hy nie 'n man van woorde is nie? Die Here het op al Moses se besware geantwoord. Die Here het hom verseker dat Hyself by Moses sal wees. Die Here het Homself geopenbaar as die "Ek is", as Jahwe, as die Verbondsgod. Die Here het aan Moses drie tekens gegee wat hy voor die volk kon gaan doen om hulle te oortuig hy is wel deur die Here gestuur. Boonop het hierdie drie tekens getuig van die feit dat die Here verlossing sal bring van al ons aartsvyande: die duiwel, ons sondige natuur, asook die wêreld. Die Here het ook gereël dat Ääron as Moses se profeet sal optree.

Vandag wil ek stilstaan by Eks 4:18-6:7. Dit is 'n redelike lang gedeelte, en ons gaan nie in diepte by elke vers stilstaan nie – daar is dele waaroor ek baie min gaan sê, maar daar is drie dele waarby ek in meer detail wil stilstaan. Kom ons kyk oorsigtelik na hierdie gedeelte: Eks 4:17 het die verskyning van die Here aan Moses in die brandende doringbos afgesluit. In Eks 4:18-23 lees ons van Moses se vertrek uit Midian. Hy het reëlings met sy skoonpa Jetro getref, wat hom toestemming gegee het dat hulle kan terugkeer na Egipte. Ons lees ook dat die Here weer Sy opdrag aan Moses herhaal het. Ek gaan nie in detail na die gedeelte kyk nie. In Eks 4:24-26 lees ons van Sippora wat Moses se seun besny het – ek wil dit in detail oordink. In Eks 4:27-31 lees ons van Moses en Ääron wat ontmoet, en Moses wat Ääron inlig oor al die opdragte van die Here, ons lees ook dat hulle twee die oudstes van die volk ontmoet het, en hulle vertel het wat die Here gesê het, hulle het ook die tekens voor hulle gedoen, en die volk het hulle geglo – ek gaan dit ook nie in meer detail beskryf nie. Eks 5:1-5 wil ek wel in meer detail oordink – dit beskryf die eerste ontmoeting tussen Moses en Ääron met die farao. Eks 5:6-21 beskryf hoe die farao die volk se werkslas vermeerder het, hoe die volk onsuksesvol met die farao probeer onderhandel het, en hoe hulle Moses en Ääron kwalik geneem het oor hulle meer benarde posisie. Ek gaan dit nie in detail bespreek nie. Ek wil wel Moses se worsteling met die Here, en die Here se antwoord aan Moses in detail oordink in Eks 5:22-6:7. Ons kyk dus na drie dele: (1) Moses se seun se besnydenis, (2) Moses en Ääron se eerste ontmoeting met die farao, en (3) Moses se worsteling met die Here, en die Here se antwoord. Daarna wil ek kortliks besin oor hoe Moses in hierdie gedeelte vergelyk met die Here Jesus, en laastens oor die implikasies vir ons.

<u>Moses se seun se besnydenis (Eks 4:24-26)</u>

Lees Eks 4:24-26. Na 40 jaar in Midian, na die Here Moses geroep het vanuit die brandende doringbos, na Moses hulle terugkeer na Egipte met sy skoonpa uitgeklaar het, is Moses saam met sy gesin op pad na Egipte. En dan gebeur iets onverwags: Op pad het Moses-hulle by 'n oornagplek oornag – en toe het die Here op Moses afgekom en wou hom doodmaak. Kommentatore is dit redelik eens dat Moses waarskynlik ernstig siek geword het. Vers 24 is egter baie duidelik oor die feit dat die Here dit bewerk het, en selfs dat die doel van die Here daarmee was dat Moses moet sterf. Dit is onverwags. Hoekom sou die Here dit doen? Veral siende dat die Here sopas vir Moses geroep het om Egipte toe te gaan, en immers is Moses juis op pad Egipte toe om te doen waarvoor die Here hom geroep het. Hoekom wil die Here nou vir Moses doodmaak? Ja, dit is so dat Moses teëgestribbel het, maar die Here het elkeen van Moses se vrae geantwoord, Hy het onderneem om

by hom te wees, en het selfs die reëlings in plek gehad dat Aäron Moses sou help. Hoekom nou skielik Moses wil doodmaak?

Op een of ander manier, ons weet eenvoudig nie hoe nie, het Sippora, Moses se vrou, verstaan wat die oorsaak was vir hierdie krisis. Sy het tot die slotsom gekom die probleem is dat hulle seun nie besny is nie. Tipies was dit die pa se verantwoordelikheid om sy seun te besny (dink maar aan Abraham) – maar Moses was nou heelwaarskynlik dodelik siek. Gevolglik neem Sippora toe die verantwoordelikheid op haarself om hulle seun te besny. Nadat sy die seun besny het, raak sy Moses se voete aan – waarskynlik met die voorhuid wat sy afgesny het. Die gevolg hiervan was dat die Here Moses toe met rus gelaat het. Sippora se handeling het die gewenste uitwerking gehad, en Moses se lewe is gespaar. Ons lees ook Sippora het vir Moses gesê: "Jy is vir my 'n bloedbruidegom". Kommentatore is ook redelik eens dat ons nie presies verstaan wat Sippora hiermee bedoel het nie. Ek verwys maar net na Motyer se verduideliking: Hy redeneer sy het waarskynlik bedoel sy het haar man, haar bruidegom, as't ware uit die dood terug ontvang a.g.v. die bloed van haar seun se besnydenis. Hoe dit ook al sy, die punt is dat die besnydenis van Moses se seun tot gevolg gehad het dat die Here Moses se lewe gespaar het.

Die vraag is natuurlik wat is die betekenis van hierdie gebeure? Wel, Moses was eenvoudig nalatig deurdat hy nie sy seun op die agste dag besny het nie. Dink daaraan: Moses is op pad Egipte toe, juis met die doel om die volk uit Egipte te lei – soos wat die Here 400 jaar gelede al aan Abraham belowe het – dit was tog 'n groot deel van die inhoud van die verbond met Abraham. En die Here het juis aan Abraham en sy nageslag die besnydenis gegee as teken van die verbond. Hierdie teken moes Abraham en sy nageslag herinner aan die beloftes van die Here – insluitend die belofte van verlossing uit Egipte en daarmee saam die inname van die beloofde land. Moses is deur die Here geroep en is op pad om juis dit te gaan doen – maar sy eie seun is nie besny nie, dra nie die teken van die verbond nie, die teken wat hulle moes herinner aan die komende verlossing. Dit was nalatig. Moses het die teken van die verbond geminag. Beteken dit dalk dat Moses ook die inhoud van die verbond minag? Dit is eenvoudig onaanvaarbaar siende dat hy juis die verlossing moet gaan lei. En daarom konfronteer die Here Moses – Hy konfronteer hom selfs met die moontlikheid om te sterf. Die Here is dodernstig oor Sy verbond, en ook oor die teken van Sy verbond. Die een wat Hy stuur om die verlossing te bewerk, moet ook ernstig wees oor die verbond – selfs ook oor die feit dat sy seun daarby ingesluit is. Hierdie gebeure is dus verdere voorbereiding van Moses – voordat hy sy opdrag in Egipte kan uitvoer.

Geliefdes, kan ek jou vra: Hoe ernstig is jy oor die verbond van die Here? Hoe ernstig is jy oor die teken van die verbond van die Here? Ons is oortuig die doop het in die Nuwe Testament in die plek van die besnydenis gekom. Hoe ernstig is jy oor die doop, oor jou doop, oor die doop van jou kinders? Natuurlik word niemand deur die doop gered nie, maar dit is 'n genademiddel wat die Here gee het, en Hy verwag dat ons dit met erns sal gebruik vir die doel waarvoor Hy dit ingestel het.

<u>Moses en Aäron se eerste ontmoeting met die farao (Eks 5:1-5)</u>

Moses en Aäron is nou reeds in Egipte. Hulle het ook reeds met die oudstes van die volk gepraat, en vir hulle vertel dat die Here hulle gestuur het om hulle te verlos. Hulle het die tekens gedoen wat die Here gegee het, en die volk het geglo.

Nou is dit tyd vir die volgende stap: die farao moet gekonfronteer word. Kom ons lees Eks 5:1. Moses en Aäron het gegaan en vir die farao gesê: "So sê die Here, die God van Israel, 'Laat my volk gaan, sodat hulle vir My 'n fees kan hou in die woestyn'". Dit klink goed, nie waar nie? Dit is tog wat die Here van hulle verwag het om te doen, is dit nie? Kom ons vergelyk wat hier staan met wat die Here

vir hulle gesê het hulle moet doen. Lees saam met my Eks 3:18: “Hulle (dit is die volk) sal na jou luister, en dan moet jy en die oudstes van Israel na die koning van Egipte gaan. Julle moet vir hom sê: ‘Die Here, die God van die Hebreërs, het Hom aan ons bekend gemaak. Laat ons asseblief dan nou drie dagreise die woestyn ingaan, sodat ons aan die Here ons God kan offer’”. As jy Moses en Aäron se optrede in Eks 5:1 vergelyk met die Here se opdrag in Eks 3:18 is daar verskeie verskille:

- Die Here het in Eks 3 gesê Moses moet die oudstes van die volk saamneem, maar in Eks 5 is dit net Moses en Aäron wat gaan – dit is dus ‘n ander afvaardiging as wat die Here gesê het.
- In Eks 3 het die Here gesê hulle moet sê die Here het Hom aan hulle bekend gemaak. In Eks 5:1 sê hulle net “So sê die Here...” – ]hulle volg dus ‘n ander benadering as wat die Here gesê het.
- In Eks 3 het die Here gesê hulle moet na Hom verwys as die “God van die Hebreërs”, maar in Eks 5:1 verwys hulle na Hom as die “God van Israel” (die Egiptenare het baie beter verstaan wie die Hebreërs was as wat hulle verstaan het wie Israel was) – hulle gebruik dus ander terminologie.
- In Eks 3 het die Here gesê hulle moet vra om toegelaat te word om drie dagreise die woestyn in te trek, maar in Eks 5:1 vra hulle net “Laat ons gaan” – hulle rig dus ‘n ander versoek. Daar is soms ‘n ongemak dat hulle net vir drie dae moes vra, terwyl die idee nooit was dat die volk na drie dae sou terugkeer nie – die ongemak is dat dit nie eerlike onderhandeling sou wees om die farao onder ‘n vals indruk te bring nie. Kommentatore redeneer egter dat ons moet onthou dat onderhandelinge destyds anders gevoer is as vandag. As die farao die drie dae versoek toegestaan het, sou die opvolgende versoek gewees het dat die volk toegelaat moet word om permanent te gaan. Dink byvoorbeeld aan die onderhandeling tussen Abraham en Efron in Gen 23 oor die grot van Magpela: Efron het eers gesê hy gee die grot vir Abraham, en later het dit duidelik geword hy wil 400 sikkels silwer hê. Die benadering in die onderhandeling is om eers die beginsel uit to klaar of Efron hoegenaamd bereid is om die grot af te staan. Wanneer dit uitgeklaar is, verskuif die fokus na watter prys hy daarvoor wil hê. Netso hier: Die eerste vraag was: Is die farao hoegenaamd bereid om die volk te laat gaan? As hy nie bereid was om hulle vir net drie dae te laat gaan nie, sou hy hulle ook nie permanent laat gaan nie.
- Kyk ook na die laaste gedeelte van Eks 5:3. Hier sê Moses en Aäron as hulle nie toegelaat word om aan die Here te gaan offer nie, gaan die Here hulle tref met pessiekte of die swaard. Die Here het egter nêrens so iets gesê nie. In elk geval: dit klink onredelik as die Here sou dreig met pessiekte en die swaard indien die volk nie vir Hom offers in die woestyn bring nie, terwyl hulle vasgevang is as slawe-arbeiders in Egipte en nie vryheid van beweging het nie. Hierdie is dus iets wat Moses-hulle bygevoeg het by wat die Here gesê het, terwyl die Here dit nie gesê het nie.

Die punt is: Moses en Aäron het nie die opdrag van die Here akkuraat uitgevoer nie – hulle het afgewyk in terme van die samestelling van die afvaardiging, hulle benadering, die terminologie wat hulle gebruik, die inhoud van hulle versoek, en het boonop dinge bygevoeg wat die Here nie gesê het nie.

In Eks 5:2 lees ons die farao se reaksie op hulle versoek. Lees dit. “Wie is die Here dat ek na Sy stem moet luister om Israel te laat gaan? Ek ken nie die Here nie, en Israel sal ek ook nie laat gaan nie”. Die farao se antwoord is duidelik. Hy sê hy ken eenvoudig nie die Here nie, en hy sal die volk eenvoudig nie laat gaan nie. Ons sien klaar hoe sy hart besig is om te verhard – ‘n saak waaroor ons op ‘n later stadium in meer detail kan besin. Lees Eks 5:3. Nou probeer Moses en Aäron weer – die keer met die regte benadering, die regte terminologie en die regte versoek! Ons moet dus aflei hulle

het deeglik geluister toe die Here in Eks 3 gepraat het. Hoekom het hulle dan eers ander draaie geloop? Ongelukkig voeg hulle dan by dat die Here hulle met pessiekte en die swaard sal tref as hulle nie gaan offer nie.

Maar die skade is reeds gedoen. Lees Eks 5:4-5. Die farao bly onverbiddelik, hy wil niks hoor van hulle versoek nie – selfs nie net ‘n drie dae versoek nie. Trouens, in verse 6-21 lees ons hoedat die farao besluit het om die werkslas van die volk te vergroot deurdat hulle steeds dieselfde hoeveelheid stene moes produseer sonder dat daar aan hulle die nodige strooi voorsien is – hulle moes dit voortaan self gaan soek. Opsieners van die volk het selfs met die farao gaan praat om te verduidelik dit is onredelik, maar hy wou niks hoor nie. Die gevolg was dat die opsieners selfs teenoor Moses en Aäron in opstand gekom het. In vers 21 sê hulle: “Mag die Here julle raaksien en oor julle oordeel, omdat julle ons aanstootlik gemaak het in die oë van die farao en sy amptenare, deur ‘n swaard in hulle hand te plaas om ons dood te maak.”

Wat ons moet raaksien is die volgende: 40 jaar gelede het Moses die eerste keer probeer om die volk te verlos. Dit was ‘n mislukking – want Moses het opgetree sonder dat die Here hom geroep het en aan hom spesifieke opdragte gegee het. Hier is Moses se tweede poging. Hierdie keer is hy wel deur die Here geroep, en hy het wel die presiese opdragte van die Here ontvang – maar ons sien ongelukkig ook hy is nie daarop ingestel om dit akkuraat uit te voer nie, dit is asof Moses voel om min of meer te doen wat die Here hom opgedra het, is goed genoeg. Hy kan maar torring aan wie saam met hom gaan, aan wat hy sê die Here gesê het, hy kan selfs byvoeg. Moses is nalatig – soos wat hy met sy seun se besnydenis was. En weereens lyk dit of hy gaan misluk – soos 40 jaar gelede – die farao wil niks hoor van om die volk te laat trek nie.

<u>Moses se worsteling met die Here, en die Here se antwoord (Eks 5:22-6:7)</u>

Ons moet Moses die volgende erkenning gee: Na sy eerste mislukte poging om die volk te verlos, 40 jaar gelede, het hy weggevlug na Midian toe, van waar die Here hom nou moes gaan roep. Maar nou na die tweede oënskynlik mislukte poging gaan hy na die Here toe (v22). Lees Eks 5:22-23. ‘n Mens hou jou hart vas as jy dit lees. Moses se betoog is dat hy voel die fout lê by die Here. Hy voel die Here behandel die volk sleg, want vandat Moses met die farao in die Naam van die Here gepraat het, het die farao nog net die volk sleg behandel. En boonop het die Here nog glad nie die volk gered nie. Hoekom stuur die Here hom hoegenaamd as die gevolge net sleg is, en die Here nie die volk red nie?

Ja, ons hou ons harte vas as ons hoor hoe Moses die Here blameer, maar maak ons nie ook dikwels so nie? As dit swaar gaan en ons nie ons sin kry nie, neem ons nie dan ook die Here kwalik nie? Hoekom het Hy nie die hartseer of die teleurstelling of die beproewing gestop nie?

Maar nou moet ons vir Moses sê: “Moses, onthou jy nie wat die Here in Eks 3:19-20 gesê het nie? Ja, ons het gesien dat toe die farao julle in ‘n hoek gedryf het, het julle wel die detail van vers 18 onthou, maar wat nou van die detail in vers 19-20? Lees dit. Moses, hoekom is jy verbaas? Die Here het dan vir jou gesê die farao sal nie toelaat dat julle gaan nie. Hy sal eers gedwing moet word deur die kragtige hand van die Here. Die Here het vir jou gesê Egipte sal eers getref moet word met die wonders wat die Here gaan doen. Jy het nog nie eens daardie drie tekens voor die farao gedoen nie. Daarna gaan die Here nog groter wonders doen, voor die farao julle sal laat gaan. Waarom is jy verbaas en beskuldig jy die Here dat Hy die volk sleg behandel en nie red nie? En, Moses, het julle dit nie selfs ook vooraf aan die volk verduidelik nie? Immers, Eks 4:30 sê Aäron het al die woorde van die Here aan die volk oorgedra. Dan het dit tog seker ingesluit dat julle die volk ingelig het dat die farao sy hart sal verhard, en die Here eers wonders sal moet doen. Hoekom is julle so ongeduldig?”

As die ongeduld van Moses en die volk verstommend is, is die geduld van die Here teenoor Moses nog meer verstommend. Lees Eks 5:24 (let op: in sommige vertalings, soos die NIV, is eks 5:24 ingesluit in Eks 6:1). "Nou sal jy sien...". Verstommend! Al het Moses nie akkuraat in gehoorsaamheid voor die farao opgetree nie, al beskuldig Moses die Here dit is alles Sy skuld, al is die volk ongeduldig met Moses en Aäron, is die Here glad nie verras nie. Hy het geweet hulle gaan so optree. Hy het hulle toegelaat om so op te tree. Hy het hierdie situasie laat ontstaan sodat hy nou vir Moses kan sê: "Moses, nou sal jy sien. Jy dink miskien jy verstaan, maar, Moses, nou gaan jy sien..."

Wat is dit wat Moses nou gaan sien? Die Here beskryf dit in Eks 5:24-6:7. Kom ons kyk daarna:

- Eks 5:24: Moses gaan sien wat die Here met die farao gaan doen: nie net gaan die sterk hand van die Here die farao dwing om die volk te laat gaan nie, nee, daardie harde hart farao gaan die volk selfs wegjaag!
- Eks 6:1-2: Moses gaan sien wat dit beteken dat die Here die Here is, dat Hy die "Ek is" is, soos wat Hy Hom bekend gemaak het by die brandende doringbos. Moses gaan iets sien wat Abraham en Isak en Jakob nie gesien het nie. Ja, hulle het die Here geleer ken as die Almagtige – die Almagtige wat Abraham kan roep en na die beloofde land kan bring, wat Sodom en Gomorra kan verwoes en nog meer, maar Moses gaan meer as dit sien: Hy gaan nie die Here net sien as die Almagtige nie, hy gaan Hom sien as die Here, as Jahwe, as die Verbondsgod, soos wat Abraham en Isak en Jakob nooit gesien het nie!
- Eks 6:3-4: Ja, die Here het destyds die verbond met Abraham opgerig, en onder andere beloof dat hulle Kanaän sal ontvang as hulle besitting, dit sal nie meer net 'n land van vreemdelingskap vir hulle wees nie. Ja, Abraham het die belofte ontvang, maar hy het nie die vervulling daarvan gesien nie. Abraham het maar een seun van die belofte gehad, en net 'n put en 'n begraafplek besit met sy dood – maar Moses gaan die verbondsbeloftes aan Abraham sien realiseer. Hy gaan die Here aan die werk sien as die Here, as die Verbondsgod, soos sy voorvaders nie gesien het nie, selfs al is die beloftes aan hulle gegee.
- Eks 6:5-6: Hoe gaan die Here dit alles doen? Hy gaan twee dinge doen:
    - Vers 5: Hy gaan die volk verlos van hulle slawewerk, Hy gaan hulle loskoop met 'n uitgestrekte arm en geweldige oordele. Geliefdes, dit is een deel van die Here se verlossingswerk: om ons los te koop, natuurlik deur die bloed van Sy Seun. Hy koop ons los van ons verslaafdheid aan die sonde.
    - Vers 6: Hy gaan die volk vir Homself neem as Sy volk en Hy gaan hulle God wees – Hy gaan die Here hulle God wees, Hy gaan 'n verhouding met hulle hê. Hy gaan nie net loskoop nie. Geliefdes, dit is die ander deel van die Here se verlossingswerk: ons word Sy kinders, ons word Sy volk, Hy word ons God, ons leef in 'n verhouding met Hom. Onthou hoe die lossers in die Ou Testament 'n naby familielid was. Ons word familie van ons Losser – Hy is ons Broer!

Wat is die Here besig om met Moses te doen? Moses is nog vasgevang in "kan ek nou die volk uitlei en klaar kry asb". Dit is asof Moses nog nie mooi die groot prentjie verstaan nie. Immers, hy het nie eens sy seun besny nie. En die Here wil vir Moses sê: Moses jy sien nog nie wat jy moet sien nie. Ja, jy is in Egipte, ja, jy wil en moet die volk uitlei. Maar sien raak: dit het al 400 jaar terug begin met Abraham. Jy raak ontsteld oor die farao nie direk kop gee nie. Maar die Here wag al 400 jaar lank dat die Egiptenare se harte hard word, sodat Hy Sy almag en oordele kan demonstreer. Ja, die farao sal kopgee, maar nie nou al nie. Die farao sal hom nooit self daarop kan beroem dat hy die volk laat trek het nie. Hy sal moet erken die Here het hom gedwing om hulle te laat trek. Moses, jy en die volk moet leer dat die Here julle nie net uit Egipte wil lei nie, nee, julle moet verstaan dat dit deel is van die groot verlossingsplan van die Here, wat Hy alreeds 400 jaar terug beloof het (eintlik al langer

terug net na die sondeval). Julle moet leer dit vat tyd, want die Egiptenare moet kans kry om hulle te bekeer. Moses, jy en die volk moet leer om werklik te smag na daardie verlossing. Maar, Moses, julle moet nie twyfel nie en moed verloor nie – julle gaan sien hoe die Here julle gaan loskoop en hoe Hy julle God gaan word en julle Sy volk gaan word. Julle gaan sien wat nie eens Abraham gesien het nie. Immers, die Here is "Ek is"!

Die Here het behae daarin dat Moses en die volk moet verstaan dat dit oor baie meer gaan as net om uit Egipte verlos te word. Wat hier gebeur is 'n bousteen in die Here se groot verlossingsplan, wat Hy al lank gelede beloof het, wat hulle nou gaan sien op 'n manier soos nog nie tevore nie, en dit gaan implikasies hê tot in die ewigheid in. Nou gaan julle sien!

<u>Hoe vergelyk Moses in hierdie gebeure met die Here Jesus?</u>

Ons het al verskeie kere die opmerking gemaak dat Moses 'n Ou Testamentiese tipe is van die Here Jesus. Maar as ons na Moses se optrede in hierdie gedeelte kyk, dan is dit duidelik Moses het tekortkominge gehad. Ons het laas keer daarna verwys dat Moses juis 'n tipe is van Jesus in Sy profetiese rol. En tog sien ons hier dat Moses gefaal het in hierdie rol – hy het nie die opdragte van die Here stiptelik uitgevoer nie, hy het selfs bygevoeg by wat die Here gesê het – 'n profeet behoort nie so op te tree nie. Hoe moet ons dit alles verstaan?

Wat ons moet onthou, is dat ons nie redeneer dat Moses Jesus is nie. Moses is nie Jesus nie, Moses is net 'n tipe van Jesus. En kom ons wees eerlik, Moses is nie 'n perfekte tipe van Jesus nie. Ja, dit is so: Moses was 'n mens, en Jesus was 'n mens. Maar Moses was 'n feilbare sondige mens soos wat ons onder andere in hierdie gedeelte gesien het. Daarteenoor was Jesus 'n sondelose mens, Hy was 'n perfekte mens, trouens Hy was God en mens.

Ons sien hoe die Here Moses leer om gehoorsaam te wees: 40 jaar in Midian, hy sterf bykans oor hy nie sy seun besny het nie, hy leer om akkuraat die boodskap van die Here oor te dra. En ongelukkig sien ons selfs aan die einde van sy lewe dat Moses steeds by tye ongehoorsaam was. Wat van die Here Jesus? Die verstommende is dat Hy ook gehoorsaamheid moes leer. Lees Heb 5:7-10. Vers 7 sê Jesus se gebede is verhoor op grond van Sy eerbiedige onderworpenheid, anders gestel op grond van Sy gehoorsaamheid. Vers 8 sê alhoewel Hy die Seun (van God) was, het Hy gehoorsaamheid geleer deur wat Hy gely het. Jesus moes leer wat gehoorsaamheid is – en let op: Hy het dit geleer deur lyding heen, soos Moses deur lyding heen moes leer wat gehoorsaamheid is. Vers 9 voeg by dit was eers toe Hy volmaaktheid bereik het, dat Hy die bron van verlossing kon word. Natuurlik beteken dit nie daar was 'n tyd wat Jesus nie volmaak was nie, dit beteken wel dat Jesus moes demonstreer dat Hy volmaak is deur gehoorsaam te wees in lyding. Verstaan jy die punt? Moses moes leer om gehoorsaam te wees, daar was tye wat hy ongehoorsaam was, en tydens lyding moes hy dus leer om gehoorsaam te wees. Jesus was nog altyd gehoorsaam – maar Hy moes as mens demonstreer of bewys Hy is gehoorsaam – en dit het Hy ook juis tydens lyding gedoen. Kyk as voorbeeld na Mat 4:4 waar Jesus na 40 dae van honger ly in die woestyn deur die duiwel versoek is om uit die klippe brode te maak. Maar Jesus het gehoorsaam gebly aan Sy Vader in die lyding, trouens Hy het toe juis gehoorsaam gebly deur te sê: "Van brood alleen sal die mens nie leef nie, maar van elke uitspraak wat uit die mond van God kom." Jesus het verstaan hoe belangrik dit is om akkuraat vas te hou aan die uitsprake van die Here, Hy het gedemonstreer dat Hy gehoorsaam is daaraan – iets wat Moses moes leer.

Dus: Moses was 'n tipe van Jesus, maar Moses was nie volmaak nie. Hy moes juis leer om gehoorsaam te wees. Jesus moes ook as mens leer om gehoorsaam te wees. Maar, anders as Moses, het Hy direk gewys Hy is gehoorsaam selfs in lyding, en het nie nodig gehad om verdere

gehoorsaamheid te leer nie. Juis daarom is Hy die Ware Profeet, en Moses net 'n tipe wat na Hom wys.

Implikasies vir ons

Natuurlik was Moses geroep as 'n leier vir die volk – en gevolglik is daar heelwat hier te leer vir leiers in die kerk. Maar Moses is ook 'n voorbeeld vir elke gelowige – immers is elke gelowige ook geroep as profeet, priester en koning. Ek wil die klem laat val op die implikasie vir ons as gelowiges.

In 'n sekere sin is Moses se ervaring soortgelyk aan die ervaring van elke gelowige. Soos die Here Moses geroep het daar by die brandende doringbos, so roep die Here ook iewers op 'n manier elke gelowige, dit is hoe ons tot geloof kom. Soos wat die Here toe aan Moses 'n duidelike opdrag gegee het wat hy moes gaan doen, so gee die Here ook aan ons as gelowiges opdragte. Baie opdragte is dieselfde vir alle gelowiges, maar elke gelowige het ook besondere gawes wat van ander gelowiges verskil en wat die Here verwag ons in Sy koninkryk moet gebruik. Dikwels stribbel ons ook eers teë, soos Moses by die doringbos, maar eventueel gaan ons ook soos Moses om die opdrag van die Here uit te voer. Dikwels het ons ook dan dieselfde ingesteldheid as Moses: Ja, ons is gehoorsaam, wel soort van. Ons doen wat die Here wil, maar ons doen dit dikwels op ons eie manier. Ons slaan nie mooi ag op wat die Here ons geleer het in Sy woord nie. Ons raak nalatig en slordig: ons gaan nie met die nodige erns om met Sy verbondstekens, die doop en die nagmaal nie, ons verdiep ons nie genoeg in Sy Woord om presies te verstaan wat Hy van ons verwag nie, ook nie oor hoe Hy wil dat ons dit moet doen nie – ons is tevrede ons doen mos die regte ding.

En dan verwag ons soos Moses: alles moet nou voorspoedig loop – ons doen mos wat die Here wil. Maar dan kom die wiele af: Ons word siek, soos Moses, dalk selfs tot die dood toe. In die werk waarmee ons besig is, tref die een struikelblok na die ander. Daar is teenstand van die wêreld, selfs teenstand van binne die gemeente waarvan ons deel is. En wat is dan dikwels ons reaksie? Ons blameer die Here. Ons roep uit soos Moses: Vandat ek in U naam begin optree het, het U nie gehelp nie! Wat nou? Ek dink daar is twee dinge wat ons dan moet onthou:

- Motyer sê daar bestaan nie so-iets soos 'n ongetoetste geloof nie. As jy 'n gelowige is, sal jou geloof getoets word. Dink maar net aan 1 Pet 4:12 wat beskryf ons het 0deel aan die lyding van Christus, of Jakobus 1:2 wat sê ons moet dit as vreugde beskou as ons getoets word. Onthou, selfs Jesus moes deur lyding kom demonstreer Hy is gehoorsaam. Ons is nie Jesus nie, ons is soos Moses – ons moet leer om gehoorsaam te wees. En ons leer juis in lyding. Moses se seun sou nie besny gewees het as Moses nie bykans dood was nie. Moses sou nie sy gebrekkige benadering tot die farao raakgesien het, as die farao se hart nie hart was nie. Ons moet almal nog leer om gehoorsaam te wees. So, kom ons wees nederig en leer wanneer dit swaar gaan.
- Maar daar is 'n tweede saak wat ons moet onthou: Die Here het ook vir Moses gesê te midde van sy worsteling: “Nou sal jy sien!” Ek is oortuig dit is midde in ons worsteling met ons roeping, dat ons gereed gemaak word om regtig te sien. Om werklik te sien waarmee die Here besig is, waarmee die Verbondsgod besig is. Dit is wanneer ons behoorlik Sy woord bestudeer en verantwoordelik Sy verbondstekens gebruik, dat ons sien! En wat ons sien is dat die Here nie primêr besorgd is oor ons sukses hier en nou nie – nee, Hy is besorgd dat ons Sy volle plan, Sy verbondsplan sal raaksien, en daaroor opgewonde raak. Dit strek verder as kortstondige sukses, dit handel selfs oor meer as die fisiese beloofde land – dit handel oor die volle vervulling van al die Here se beloftes waaraan alle gelowiges gaan deelneem!

Mag die Here ons help om dit raak te sien.